

Saterdag 18 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:17-21

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:19

'n Ware ryk lewe

Ware rykdom bestaan nie uit die besit van aardse bates nie, maar word verkry deur die besit van 'n geestelike skat wat God aan ons skenk. Paulus omskryf hierdie geestelike skat in vers 19 as 'n *goeie belegging* vir die toekoms.

Wat is die geestelike skat waarna die skrywer verwys? In teksgedeeltes soos Romeine 8:17, 18 en 1 Petrus 1:4-6 word melding gemaak van 'n ewige en onverganklike erfdeel wat ons met die verheerliking sal ontvang.

In ons teksgedeelte gaan dit egter oor 'n sinvolle bestaan in die hier en nou; 'n godvrug-tige lewe wat betekenis het vir jou medemens. Hoewel arbeid deel van ons roeping as ge-lowiges is, bestaan 'n *ware lewe* nie uit 'n koersagtige najaag van selfbelang, aardse besittings, geldelike profyt en status nie. Insteede moet ons beseef dat alle gawes uit die hand van God kom, en dat ons daaglik in dankbaarheid op God se genade moet reageer. In vers 18 word 'n ware ryk lewe beskryf as ryk in goeie dae, vrygewigheid en mede-deelsaamheid.

Die lewensingesteldheid wat Paulus aanmoedig, druis lynreg in teen die waardes van maksimum profyt, effektiwiteit en kompetisie wat in die ekonomiese, korporatiewe en besigheidswêreld verkondig word. Is die neerslagtigheid, wanhoop, angs en depressie wat so baie mense ervaar, nie dalk te wyte aan 'n leefstyl van winsbejag, kompetisie en 'n stre-we na erkenning nie?

'n Obsessie met sukses en aardse vorme van rykdom kan jou innerlik arm en bankrot maak. Streef eerder na 'n lewe ryk in goeie dae en liefde teenoor ander. Dit kan jou lewe opnuut met betekenis vull!

Sing: Skrifberyming 11-3:1-3

Dr. Nico Vorster (Pretoria-Annlin)